

Wat jy moet weet oor die 2022 WÊRELDWAARNEMINGSGLYS

In totaal ervaar meer as **360 miljoen** Christene hoë vlakke van vervolging en diskriminasie weens hul geloof.

Op die Geopende Deure Wêreldwaarnemingsglys se top 50 alleen, staar **312 miljoen** Christene baie hoë tot uiterste vlakke van vervolging in die gesig.

DIE NUUTSTE TENDENSE

Taliban-oorname versterk djihadiste wêreldwyd se oortuigings van uiteindelijke sukses

Die Taliban se oorname van die regering in Afganistan (1) het aan djihadiste wêreldwyd 'n groot sielkundige hupstoot gegee. In naburige Pakistan het die Taliban sterker geword terwyl Islamitiese groepe feesgevier het. Regoor Afrika sien djihadiste dit as 'n kwessie van tyd voordat die buitelandse magte wat teen hulle veg, onttrek.

Ander lande wat opmerklik beïnvloed is, is Nigerië (7), die Sentraal-Afrikaanse Republiek (31), Burkina Faso (32), Niger (33), die Demokratiese Republiek van die Kongo (40), Mosambiek (41) en Kameroen (44).

Wêreldwye Kerk al meer ontwortel of vlugteling – wat tot kwesbaarheid bydra

Die Verenigde Nasies se Hoë Kommissaris vir Vlugteling sê dat ongeveer 84 miljoen mense in 2021 gewelddadig ontwortel is in hul eie lande en 26 miljoen oor grense. Talle hiervan is Christene wat van vervolging vlug. Honderdduisende word deur Islamitiese geweld beïnvloed. Die grootste meerderheid van Christene wat deur hierdie geweld beïnvloed word, bly in hul streek, hetsy ontwortel of as vlugteling in hul eie land.

Lande wat opmerklik beïnvloed is, is Eritrea (6), Iran (9), Mianmar (12), Soedan (13), Irak (14), Sirië (15) en Jordanië (39).

China se model van godsdienstbeheer lei die wêreld

Namate China (17) se ekonomiese manhaftigheid en invloed groei, gebeur dieselfde met nasionalisme, wat sosiale stabiliteit vereis en van bo af met “bevele” afgedwing word eerder as deur keuse, vryheid van spraak en ander geloofsoortuigings.

Onder kommunistiese ideologieë in die Amerikaanse streke word die pandemie steeds as dekmantel gebruik om kerke dop te hou en strenger beperkings op te lê. In Kuba (37) is Christenleiers wat opgestaan het vir menseregte in Julie aangehou, gemartel en buitensporige boetes opgelê. Dit het ook in ander lande soos Sri Lanka en die Sentraal-Asiatiese lande gebeur, met verskerpte beperkings op andersdenkendes.

Ander lande wat opmerklik beïnvloed is, is Mianmar (12) en Maleisië (50).

Covid-19-beperkings steeds deur outoritêre regerings en kriminele groepe gebruik om Kerk te verswak

Dit blyk of die pandemie “bewys van konsep” was dat digitale waarneming voldoende in China werk en dit is nou wêreldwyd in aanvraag, veral deur ander outoritêre regerings. Soos die WWL verlede jaar gerapporteer het (van Wes-Afrika tot Sentraal-Amerika), het regerings se fokus om die pandemie te beveg djihadiste en georganiseerde kriminele groepe in staat gestel om hulle mag en gebiedsbeheer verder te vestig en te verbreed.

 **Geopende Deure**

www.opendoors.org.za/wwl



Top 5 lande met die mees gewelddadige vervolging van Christene

- 1 Nigerië
- 2 Pakistan
- 3 Indië
- 4 Sentraal-Afrikaanse Republiek
- 5 Demokratiese Republiek van die Kongo

Vervolg  Maar nooit alleen.

Vinnige feite oor die nuwe #1: Afganistan

- Afganistan is vir die eerste keer ooit, sedert die WWL begin het, bo-aan die lys.
- Daar was vir meer as 40 jaar nog nie vrede in Afganistan nie.
- “Amptelik” is daar geen Christene in die land nie, buiten vir 'n paar internasionale militêre personeel, diplomate en NPO-werkers. Christenskap word totaal ondergronds gedryf.
- Groepe wat vir sosiale ontwikkeling en kwessies rakende vroue, minderhede of menseregte omgee, is teikens vir aanvalle.

Situasie in #2: Noord-Korea

Noord-Korea het sy hoogste vlak van vervolging ooit bereik, maar tog het die land na die #2-posisie op die 2022 WWL geval. Dit is omdat die situasie in Afganistan versleg het. Hou asseblief aan om vir Noord-Koreaanse geheime gelowiges te bid, wat alles waag om Jesus te midde van meedoënlose druk en vervolging te volg.



©IMB

Die Goeie Nuus

Die Pous se besoek aan Irak se streek wat deur die Islamitiese Staat verwoes is, is oor die algemeen as 'n sukses gesien; dit het meer Christene aangemoedig om te oorweeg om na hul land terug te keer en dit te herbou.

Namate vervolging bly toeneem, DANKIE dat jy deur jou gebede en ondersteuning 'n baken van hoop vir ons geloofs familie is!

Jy help om hulle toe te rus en te bemoedig sodat hulle kan voortgaan om h lig vir Christus in hul lande te wees.

WÊRELDWAARNEMINGSLYS 2022

Geopende Deure se visie is dat geen Christen vervolging alleen verduur nie.



GEBEDSKAART

Gebed is nog altyd die nommer een versoek van ons vervolgte geloofs familie. Hulle kom al meer onder skoot vir hul geloof, en daarmee saam ontstaan h groter behoefte aan gebed.

Ons kan God loof dat, alhoewel vervolging geweld en diskriminasie teen Christene veroorsaak, dit ook h weg skep vir die Evangelie om te versprei.

So staan saam deur hierdie gebedskaart te gebruik om te bid vir ons geloofs familie in die top 50 lande van Christen-vervolging sodat hulle magtig deur God gebruik sal word vir die uitbreiding van die Evangelie te midde van alles wat hulle verduur.

Besoek www.OpenDoors.org.za vir meer oor Christen-vervolging.

LATYNS-AMERIKA

Latyns-Amerika is een van die mees gewelddadige streke in die wêreld vanweë die hoë vlakke van geweld en teregstellingsmoorde in sommige van dié lande. Christene is kwesbaar omdat hulle as h bedreiging vir die aktiwiteite van verskeie kriminele groepe gesien word. Bid vir die beskerming van Christene terwyl hulle die Evangelie verkondig, ten spyte van hierdie gevare.

ARABIESE SKIEREILAND

Met geen openbare kerke vir burgers van die Arabiese Skiereiland nie, is daar min maniere vir gelowiges in dié streek om met ander Christene kontak te maak. Bid dat sterk en volwasse Christen-gemeenskappe oor die Skiereiland sal versprei en dat God meer tot Sy Kerk sal voeg.

MIDDE-OOSTE


Die lewe word al moeiliker vir Christene wat in die Midde-Ooste woon. Konflik duur voort, en miljoene mense in Irak en Sirië moes noodgedwonge uit hulle tuistes vlug vanweë oorlog en vervolging. Bid dat die oorlog in die Midde-Ooste sal eindig en dat God Sy kinders sal gebruik om h konstante lig in die streek te wees.

ASIË

Sienings oor Christenskap deur die drie hoofgodsdienste in die streek (Boeddhisme, Hindoeïsme en Islam) stel baie Christene in h slegte lig en skep daarmee saam vrees, haat en vervolging teenoor Christene. In baie van hierdie lande is Christene geïsoleer weens hulle geloof. Bid vir wysheid vir Christene om die sout en lig in hul streek te wees, ten spyte van hoe mense hulle sien.

AFRIKA

Daar is daaglikse berigte van aanvalle deur Islamitiese groepe en hoe regerings al meer vyandig teenoor Christene optree. Diktators en outoritêre regimes probeer om enigen te vernietig wie se lojaliteit nie by die regering is nie. Bid dat God gelowiges teen toenemende vyandigheid sal beskerm en dat die Evangelie sal versprei terwyl die regerings probeer om dit uit te wis.



- | | | | | |
|---------------|------------------|-----------------|----------------------------------|----------------|
| 1 Afganistan | 11 Saoedi-Arabië | 21 Oesbekistan | 31 Sentraal-Afrikaanse Republiek | 41 Mosambiek |
| 2 Noord-Korea | 12 Mianmar | 22 Algerië | 32 Burkina Faso | 42 Turkye |
| 3 Somalië | 13 Soedan | 23 Mauritanië | 33 Niger | 43 Mexiko |
| 4 Libië | 14 Irak | 24 Mali | 34 Bhoetan | 44 Kameroen |
| 5 Jemen | 15 Sirië | 25 Turkmenistan | 35 Tunisië | 45 Tadjikistan |
| 6 Eritrea | 16 Maledive | 26 Laos | 36 Oman | 46 Broenei |
| 7 Nigerië | 17 China | 27 Marokko | 37 Kuba | 47 Kazakstan |
| 8 Pakistan | 18 Katar | 28 Indonesië | 38 Ethiopië | 48 Nepal |
| 9 Iran | 19 Viëtnam | 29 Bangladesj | 39 Jordanië | 49 Koeweit |
| 10 Indië | 20 Egipte | 30 Colombië | 40 Kongo DR. | 50 Maleisië |

VLAKKE VAN VERVOLGING

- HOË ● BAIE HOË ● UITERMATIGE

Geopende Deure se Wêreldwaarnemingslys (WWL) word elke jaar in Januarie bekendgestel en bestaan uit die top 50 lande waar Christene die ergste vervolging ervaar. Vervolging word gedefinieer as enige vyandigheid wat h mens weens jou identifikasie met Christus ervaar. Die WWL neem alle sferes van die lewe en gewelddadige insidente in ag. Die metodes waarvolgens elke land se telling en transnasionale vergelyking bepaal word, asook die behoorlike toepassing daarvan in sommige steekproeflande, word onafhanklik deur die Internasionale Instituut vir Godsdiensvryheid geaudit. Addisionele verklarings en interpretasies deur Geopende Deure, wat op die publikasie van die WWL gebaseer is, bly buite die raamwerk van hierdie oudit. Verslagdoeningstydperk: 1 Oktober 2020 – 30 September 2021.

Vir interaktiewe kaart:

